

MINDER van my en MEER van Jesus deur my!

Skrifgedeelte: Rom. 8: 18 – 30.

Teksgedeelte: Rom. 8: 29

Ds Rynhardt Pretorius

Die teks leer:

Ek en jy wat glo = *“is bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, Jesus Christus”.*

God kies om deur die dood en opstanding van Jesus sonder mense te red van hulle sondes sodat hierdie mense as nuwe mense vir Hom kan lewe en in hierdie nuwe lewe, soos die Here ook leer in Kol. 3:10 *“al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper”.* Dit gebeur wanneer die waarheid wat Johannes die dooper bely in Joh. 3: 30 in ons harte en lewens leef: Joh. 3:30 *“Hy(Jesus) moet meer word en ek minder”.*

In die oorspronklike taal begin v. 29 met die woord *Hoti*– omdat/dat. Alles wat tot dusver gebeur het, gebeur DAT mense meer soos Jesus word. Die woord dui hier op oorsaak en gevolg aan. Die gevolg is – om meer soos Jesus te word. Wat is die oorsaak? Hierdie oorsaak is die boustene wat neergelê word in die hele Romeine boek en veral hier in hf. 8. Kom ons kyk na `n paar van hulle:

Rom. 8:1 *“Daar is daarom geen veroordeling vir die wat in Christus is nie”.*

Rom. 8:9 Die Heilige Gees woon in gelowiges.

Rom. 8:14 – 16 Elke gelowige is reeds aangeneem in Jesus as `n kind van God.

Rom. 8: 17 Elke gelowige is `n erfgenaam van die koninkryk.

Rom. 8:26 – 27 Die Heilige Gees gee krag en tree in vir God se kinders.

Rom. 8:28 God laat alles ten goede meewerk – Hy is in beheer oor die lewens van sy kinders.

Wat sien ons?

God bou hierdie lewe so op – dat – die gelowiges meer soos Jesus sal word!

Kan ek dit doen?

Glo dit: Jy word deur die Here opgebou en in staat gestel, om meer soos Jesus en minder soos die ou mens te wees! Om binne jou nou, jou hier, jou lewe meer soos Jesus en minder soos die ou mens te wees.

Wat beteken dit ooit – om meer soos Jesus te wees?

Verstaan eers: Mense word nie god nie, daar staan na die beeld!

Die Beeld: Volmaak heilig met 'n ereplek voor God!

Die volheid van hierdie beeld word bereik wanneer die Here jou wedloop voltooi op aarde en jou by Hom tuis bring en sonde finaal weg is vir jou. Die groei in die beeld/heilig wees is nou.

Vir jou lewe NOU leer dit jy moet:

Soos Jesus dink – Gerig op die wil van die Vader.

Soos Jesus voel – Gedryf deur die liefde vir die Vader.

Soos Jesus streef – Vasberade om die Vader te eer.

Soos Jesus doen – Koersgerig op die weg van God se wil.

Om meer soos Jesus te wees staan in erge kontras met die sondige mense natuur. Daarom leer ons minder van my en meer van Jesus deur my. Nie sodat jy verdwyn nie – die Here het jou spesiaal en uniek gemaak en al die goeie van jou wil Hy gebruik en het Hy mooi planne mee. Hier praat ons van die sondige natuur waarteen ons elkeen elke dag veg. Paulus beskryf die sondige natuur baie goed, daai deel van die mens wat maak dat mens sê soos Paulus in:

Rom. 7:19 *“Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.”*

Dit is dus 'n voortdurende proses waarin jy moet veg om te leef soos Jesus jou

leer en nie soos die sondige natuur jou druk nie.

Ons het gehoor van die kontras tussen Jesus se lewe en die menslike natuur kom ons kyk na `n paar hoof elemente:

Jesus	Menslike Natuur
Soek die Vader se eer meer as enige iets	Soek sy eie eer!
Gee Homself!	Handhaaf homself!
Is Nederig!	Is gelaai met selftrots!
Deel liefde uit!	Hou liefde vir homself!

Waarskuwing: Ons maak Jesus min in ons lewens.

Orals waar ons besig is om in `n lewe te leef wat teenstrydig is/anders is dat die lewe wat God vir ons bedoel. Waar ons nie met liefde optree nie. Waar ons nie bereid is om te verander en verandering toe te laat nie, waar mense nie elkeen aanvaar en sien vir die persoon wat hulle is en vir die 'massa' potensiaal wat voor jou staan wanneer jy vir iemand anders kyk of wanneer jy vir jouself in die spieël kyk nie. In al hierdie plekke waar die sondige natuur hom handhaaf leef ons in kontras met Jesus en wat Hy vir ons soek.

Daarom moet jy elke oomblik streef om meer soos die beeld van Jesus te leef. Jesus leer:

Luk. 9: 23 & 24: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, **want elkeen wat sy lewe wil behou (Die 'mens' wil handhaaf)**, sal dit verloor, maar elkeen wat **sy lewe om my ontwil verloor**, sal dit behou (**Die 'mens' verloën en Jesus meer maak**)."

Die waarheid is daar waar jy in die krag van die Gees dit doen, die ou mens min maak en:

Daar waar Jesus meer word raak jou lewe heeltemal anders:

Gebrokenheid raak heel, liefde word meer, diensbaarheid groei, huwelike blom, gesinne is heel en baie belangrik kerke funksioneer en gaan uit in die wêreld! Hierdie ding 'dat ek minder word en Jesus meer' is die rugsteun en definisie van dissipelskap!

Dissipelskap is juis dit ek word min – Jesus in my meer! Daarin vind ek my vervulling. Dit is wat ons as kerk moet wees, waarna ons moet streef. Dat jy so oorgegee in jou dissipelskap leef dat in jou lewe, werke en bediening Jesus

meer word, hier, in jou huis, by jou werk, in Benoni en in Suid-Afrika!

Dit is God se visie vir jou, vir sy kerk en vir die gemeente spesifiek; Dat ons almal, saam minder van die 'mens' sal wees en meer van Jesus in hoe jy dink, voel, wat jy doen en waarna jy streef sodat jy God in alles sal verheerlik!

Amen.
